

Sing vooraf staande: Psalm 119:9, 10 (p. 587)

- 9 Ag, hoe kleef ek aan die stof al! / Maak my lewend na u woord –
U tog wie 'k my sorg vertel het, / laat u kneg nie onverhoord.
Lei my altoos voort en verder / om u wonders te oordink,
my wat droewig en verslae / haas in kommernis versink.
- 10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 103:1, 2 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

Psalm 119:11, 12 (p. 588)

- 11 HEER, leer my u wet dat ek dit / tot die einde toe kan hou;
gee verstand en gee volharding, / dan bly ek daaraan getrou.
Laat my leef na u bevele – / niks wat my so kan behaag.
Neig my hart daartoe, maar nimmer / om na woekerwins te jaag.
- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;
u belofte aan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe in my gemoed
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.

Skriflesing: 1 Korintiërs 10:1-22; Heidelbergse Kategismus, Sondag 29:79

Kernvers: 1 Korintiërs 10:16-17

Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.

(1 Korintiërs 10:16-17 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 79: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe (a). Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang (b). Hy verseker ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.
(a) Joh 6:55. (b) 1 Kor 10:16.

Tema: Die versekering en effek van nagmaal vier

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons het vanoggend tydens die nagmaal-erediens stilgestaan by die vraag: **Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?** Ons het onder andere gesien dat dit beteken om die hele lyding en sterwe van Christus met 'n gelowige hart aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry. Dit gebeur egter nie net met hulle wat nagmaal vier nie maar met elkeen wat in sy sondebenedigheid sy toevlug tot Christus neem en gelowig om die genade van die Here smee – so 'n mens eet en drink dan die liggaam en bloed van die Here Christus. So 'n mens word immers deur die Heilige Gees na Christus gedryf omdat daar alleen op grond van sy versoeningsoffer om vergifnis gesmeek kan word.

Maar om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is te drink het 'n nog ryker betekenis. Dit beteken dat die Heilige Gees – wat tegelyk in Christus en in die gelowige woon – die gelowige al hoe meer met die geseënde liggaam van Christus verenig. Hierdie vereniging met die geseënde liggaam van Christus is so innig en intiem dat die gelowige vlees van sy vlees en been van sy gebeente is. Die gelowige word so geestelik een met Christus dat die lewe wat hy nou leef nie meer sy lewe is nie maar Christus se lewe in hom. Weereens gebeur dit nie net aan die nagmaalstafel nie. Dit gebeur met elke gelowige wat sy toevlug tot Christus neem in die vertroue dat hy alleen op grond van Christus se volmaakte verlossingswerk vergifnis van sonde en die ewige lewe kan kry.

Wat met elke ware gelowige daagliks gebeur wanneer hy so sy toevlug tot Christus neem, is vanoggend in die nagmaal afgebeeld met die tekens en seëls en wat ons daarmee gedoen het. Tot versterking van ons geloof het ons die tekens en seëls ontvang. In die nagmaal het ons deur ons oë en ons mond die versekering gekry dat Christus se liggaam regtig vir ons gebreek en sy bloed regtig vir ons vergiet is sodat ons volkome versoening vir al sondes kry. Maar aan die tafel van die Here het daar ook 'n geheimenis plaasgevind waaroor ons nie onkundig moet wees nie. Dit is hierdie geheimenis wat ons in vraag en antwoord 79 bely – veral die gedeelte in die antwoord wat handel oor die versekering wat Christus ons gee: **Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang. Hy verseker ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.**

Ons weet almal dat die brood en wyn nie verander het in die werklike liggaam en bloed van Christus nie. **Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood egter die liggaam van Christus genoem en die wyn sy bloed.** Die brood en wyn

as tekens en seëls is so innig verbind met die liggaam en bloed van Christus dat dit genoem word waarna dit verwys. Die woord *waarborg* in die antwoord laat 'n mens aan hierdie alledaagse voorbeeld dink om die saak nog duideliker te maak. Wanneer iemand vir jou 'n tjek van 'n duisend rand gee, sal jy maklik sê jy het 'n duisend rand van daardie persoon ontvang. Kyk 'n mens egter baie klinies daarna, sal 'n mens moet sê: Maar ek het nie 'n duisend rand ontvang nie. Ek het 'n stukkie papier ontvang waarop daar 'n duisend rand aan my belowe word. Die feit dat die persoon die tjek geteken het, gee aan my die waarborg dat ek 'n duisend rand in kontant sal ontvang wanneer ek die tjek by die bank wissel. Dit is juis hierdie belofte en waarborg wat maak dat ek die tjek – die stukkie papier – 'n duisend rand noem.

Dit is dus op grond van die belofte en waarborg wat God in Christus se offer aan die kruis vir ons gee dat ons die brood sy liggaam en die wyn sy bloed noem. En die belofte wat die Here in die nagmaal aan ons waarborg verwoord ons soos volg in die antwoord: ***Hy verseker ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.***

Broers, susters en kinders, dit is juis hierdie belofte en waarborg wat deur Paulus in ons kernverse beklemtoon word. Sommige lidmate in Korinte het graag daarop geroem dat hulle kennis het. Hierdie lidmate wat so gespog het met hulle kennis was oortuig dat daar nie so iets soos afgode is nie. En Paulus gee hulle gelyk (1 Kor 8:4). Daar is net een God en Hy is die lewende God en Vader van ons Here Jesus Christus. As jy dan nou vleis by die slaghuis koop en by jou huis gaan gaarmaak en eet, sal nie afbreuk doen aan jou verhouding met die Here nie – selfs as jy weet dat die vleis 'n dier is wat aan 'n sogenaamde afgod geoffer is. Jy weet mos daar is nie so iets soos afgode nie. Maar wanneer jy hierdie kennis gebruik om jou vryheid om vleis te eet verhef tot 'n reg om vleis te eet sonder om dié wat nog swak in die geloof is in ag te neem, tree jy teen die liefde op.

Daarom vervolg Paulus in 1 Korintiërs 9 met die vryheid wat die apostel het. As apostel kon Paulus gereken het op onderhoud uit die gemeente in Korinte. Hierdie vryheid het Paulus as apostel gehad op grond van die Here se eie woorde, naamlik dat die een wat die evangelie verkondig van die evangelie behoort te leef. Maar dan herinner Paulus die Korintiërs daaraan dat hy nie van hierdie vryheid gebruik gemaak het nie. Uit liefde vir God en vir hulle wou hy hulle nie belas nie, daarom het hy met sy eie hande vir homself 'n inkomste verdien. Sy vryheid moes nie die evangelie by hulle verhinder het nie.

Wanneer Paulus in 1 Korintiërs 10 terugkeer na die argument aangaande die afgodsoffer-vleis kom 'n mens agter dat hierdie lidmate wat so gespog het met hulle kennis dit baie verder geneem het. Hulle optrede het gedreig om die genade van die Here goedkoop te maak en daardeur het hulle hulle eie lewens in gevaar gestel. Hierdie “slim” lidmate het nie net vleis by die slaghuis gekoop en geëet nie. Hulle het selfs saam met die heidene deelgeneem aan die feeste wat gehou is vir die sogenaamde afgode. En die verskoning wat hulle opgedis het: Hoe kan ons uitnodigings na hierdie feeste van die hand wys? Dit is tog by hierdie feeste waar vriendskapsbande verstewig word en besigheidskontakte gemaak word.

Paulus wys hulle egter hierop:

Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.
(1 Korintiërs 10:13 AFR53).

Hierdie versoekings wat hulle as verskonings opdis, is versoekings wat God in sy genade binne perke gehou het. Hulle is versoek met versoekings wat 'n mens nog kan verduur, want God het nie toegelaat dat hulle bo hulle kragte versoek word nie. Maar in hulle slimigheid en met hulle mooi argumente moet hulle oppas dat hulle nie val terwyl hulle dink dat hulle nog staan nie. Om aan versoekings toe te gee is nie iets wat maar aanhoudend met slim woordjies weggeredeneer kan word nie. Met vier voorbeelde uit Israel se geskiedenis wys Paulus hoe gevaarlik dit is om aan versoekings toe te gee. Dit kan jou jou lewe kos. En Israel is nie maar sommer 'n volk doer ver in 'n ander land en ver in die verlede nie. Hulle is die voorvaders van die Christene in Korinte. Paulus sê dit op grond daarvan dat Abraham – die voorvader van die Israeliete – die vader van al die gelowiges is (Gal 3:7).

Omdat daar versoekings vir die Christene is om deel te neem aan die feeste vir die afgode, maan Paulus hulle om van die afgodediens weg te vlug. Hulle moet so groot as moontlik afstand tussen hulle en die afgodedienste stel en daardie afstand handhaaf. Met hierdie oproep trek Paulus nie die Korintiërs se kennis in twyfel nie. Inteendeel, hy wil juis hê hulle moet hulle kennis gebruik om te oordeel wat hy nou aan hulle gaan sê.

Die Korintiërs moet nou goed nadink oor wat tydens die viering van die nagmaal gebeur. Die beker van danksegging is ook die beker van seën genoem en dit was die derde beker by die pasga. God word gedank en geprys wanneer hierdie beker opgeneem word. Wanneer ons dit dan noem *die beker van danksegging wat ons met danksegging seën* is dit nie ons wat die beker of die inhoud daarvan seën nie. Nee, wanneer ons van die beker drink, dank en prys ons God vir sy weldade. Ons dink aan die genade wat Hy in Jesus Christus aan ons bewys het. Toe Jesus die nagmaal ingestel het, het Hy die beker geneem en gesê:

Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes. (Matteus 26:27-28 AFR53)

Die beker wyn herinner ons daaraan dat Jesus sy bloed gestort het as 'n volkome offer vir ons sondes en die oprigting van die nuwe verbond met almal wat hulle deur die geloof onder sy bloed stel. Maar die beker en die drink van die wyn is nie net 'n herinneringsteken nie. Wie hierdie wyn gelowig uit die beker drink, kry ook deel aan die bloed van Christus. Toe ons vanoggend uit die beker gedrink het, het ons gelowig betuig dat ons aandeel verkry het in die bloed van Christus en al die weldade wat dit vir ons as sondaars meebring. Maar dit gaan nog dieper as aandeel kry. Deur die werking van die Heilige Gees het ons daadwerklik gemeenskap met die bloed van Christus. Ons is verseker dat ons sondes vergewe is en ons ingesluit is in die nuwe verbond.

So ook met die brood. Toe Jesus die nagmaal ingestel het, het Hy gesê:

Neem, eet, dit is my liggaam ... (Matteus 26:26 AFR53)

Die brood wat gebreek is wys na Christus se sterwe aan die kruis toe sy liggaam gebreek is as 'n volkome versoening van al ons sondes. Toe ons die gebreekte brood ontvang en geëet het, het ons betuig dat ons gemeenskap met die liggaam van Christus het. Ons het aandeel gekry aan die weldade wat sy gebreekte liggaam vir ons meegebring het. Die Heilige Gees het ons tydens die nagmaal so innig met Christus verbind dat ons in geestelike sin nie maar net deel gekry het aan sy liggaam nie maar deel geword het van sy liggaam sodat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is.

Ons het gemeenskap met die bloed en die liggaam van Christus omdat die liggaam van Christus nie net die gekruisigde liggaam is nie maar ook die liggaam van die opstanding

en verheerliking is. Wie gemeenskap het met die liggaam van Christus het 'n deelgenoot geword van die verhoogde en verheerlikte liggaam. Trouens, die Heilige Gees het ons deur die ware geloof in hierdie liggaam van Christus ingelyf sodat ons nou deel in die nuwe lewe van die verheerlikte en seëvierende Christus.

Die insig waartoe die gemeente in Korintiërs moes kom, was om in te sien dat wanneer hulle deelneem aan die offermaaltye van die heidense feeste hulle dan ook gemeenskap met die duiwels het. Daar is mos nie so iets soos afgode nie. Maar as die heidene dan nie vir die Here offer nie, offer hulle vir niemand anders as vir die duiwels nie. 'n Mens kan tog nie gemeenskap met die duiwels hê en ook nog gemeenskap met Christus nie. Christus, as die Seun van God, is jaloers op sy eiendom – die mense wat Hy met sy kosbare bloed losgekoop het van die heerskappy van die Satan. Hy deel sy eiendom met niemand nie, allermens met sy aartsvyand – die Satan en sy bose engele.

Deurdadig die Korintiërs spog met hulle kennis dat daar nie afgode is nie en op grond daarvan deelneem aan die feeste van die heidense gode tree hulle minagtend op teenoor die Here wat hulle aan die nagmaalstafel verseker het van die belofte dat Christus se lyding en gehoorsaamheid hulle s'n is. Indien hulle gaan aanhou om met Christus gemeenskap te hê aan die nagmaalstafel sowel as gemeenskap met die duiwels by die heidense feeste, sal hulle die toorn van die Here teen hulle opwek. Hulle kan nie meer aanspraak daarop maak dat hulle nie bedoel het om die duiwels te vereer as hulle aan die feeste gaan deelneem nie. As 'n mens jou hand in vuur steek nie bedoel om te brand nie, gaan jy steeds brand. Dit maak nie saak wat jou bedoeling was nie.

Ons hier in Bellville neem egter nie deel aan feeste wat vir sogenaamde afgode gehou word nie. Maar daar is vele praktyke in ons samelewing wat ook nie met die Here vereenselwig kan word nie. Dit is praktyke soos korrupsie, geweld, partytjies waar jongmense hulle oorgee aan die plesiere van hulle eie sondige geaardheid, dinge wat mense doen wat hulle nie openlik sal doen wanneer iemand teenwoordig is teenoor wie hulle verantwoordbaar is nie – eintlik sommer enige praktyk wat ek en jy weet eie is aan ons sondige natuur. Wanneer ons deelneem aan hierdie praktyke vereenselwig ons onself daarmee. Dan het ons gemeenskap met ons eie selfsugtige geaardheid asook met die bose magte in die lug teen wie ons eintlik weerstand moet bied. Ons kan nie gemeenskap met ons Here Jesus Christus hê – so innig as wat ons dit vanoggend by die nagmaal gehad het – en ook weer gemeenskap met die bose magte hê nie.

Geen man of vrou gaan dit verdra dat die vrou of man met wie hulle 'n innige gemeenskapsband deel dit ook met iemand anders gaan deel nie. Soveel te meer gaan die Here dit nie verdra dat ons wat 'n innige gemeenskapsband met Hom het dit ook met iemand anders hê nie. Hy is 'n jaloerse God wat 'n baie intieme belofte aan ons verseker het by die nagmaal. Hy reken Christus se lyding en gehoorsaamheid aan ons toe asof ons self vir ons sondes ten volle betaal het.

Laat ons dan voortdurend om die heiligende en kragtige werk van die Heilige Gees bid. Mag Hy ons so gewillig en bereid maak om vir die Here alleen te lewe dat ons nooit weer wil toegee aan ons sondige begeertes nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:13, 14 (p. 589)

- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyd.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.
- 14 Dan sal 'k wandel in die ruimte, / want ek wandel in u spoor.
Selfs voor konings spreek ek daarvan / en ek skaam my nooit daaroor.
Aan u wet, my hoogste vreugde, / is my liefde toegewy:
daaraan dink ek, daarna soek ek, / daarin, HEER, verdiep ek my.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
31 Augustus 2014